VOLKSBLAD
02 Nov 2005
Page : 1 #

Skandale en wapensaak 'knou land'

Parlement kom nie pligte na – verslag

■ **LIEZEL DE LANGE**

PRETORIA. – Die reis- en olieskandale en die regering se multimiljardrand-wapentransaksies het die parlement se openbare beeld ernstig geknou en gewys dié instelling voldoen nie aan sy verpligtinge ingevolge die Grondwet nie.

Me. Judith February, senior ontleder by die Instituut vir Demokrasie in Suid-Afrika (Idasa), skryf in 'n hoofstuk oor die parlement in *South Africa 2005-2006: State of the Nation*, dat die parlement nog lank nie 'n behoorlike kultuur van oorsig oor die uitvoerende gesag gevestig het nie. *State of the Nation* is 'n versameling essays oor onder meer die nasionale politiek en ekonomie, wat jaarliks deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) saamgestel word. Die jongste uitgawe word vandeesweek landwyd bekend gestel. "Die parlement se strukture, magte en pligte word duidelik en ondubbelsinnig in die Grondwet uitgestippel, maar daar is nog 'n gaping tussen die grondwetlike doelwitte en hoe die parlement en sy komitees sy mandaat uitvoer," sê sy. "Die parlement as 'n instelling het tot dusver sy rol stuk-stuk, onewerdig en soms aarselend gespeel."

February wei onder meer uit oor die trae optrede teen LP's wat by die reisskandaal betrokke is en die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge (Skoor), wat die besteding van openbare geld moet bekyk, maar nie as 'n saak van dringendheid by die olieskandaal betrek is nie. Sy sê veral die omstrede wapentransaksie het Skoor en ander parlementêre instellings gekortwiek.

Sy verwys na die erge verdeeldheid wat die wapenkontrak binne Skoor gesaai het, die verlies van mnr. Gavin Woods, voormalige IVP-LP, as uitmuntende Skoorvoorsitter en "hardhandige inmenging" van 'n ANC-hoofsweep, asook mnr. Jacob Zuma, voormalige adjunkpresident.

"In 'n kwessie van twee jaar het die wapenkontrak een van die parlement se mees effektiewe, magtige en neutrale liggame (Skoor) in 'n flou, partydige rubberstempel verander."

February waarsku dat die parlement dringend na sy rol en verantwoordelikhede moet kyk omdat dit die aard van Suid-Afrika se politieke omgewing in die toekoms sal raak.

■ In 'n hoofstuk oor pres. Thabo Mbeki se beloftes in sy staatsrede verlede jaar teenoor werklike dienslewering, skryf dr. David Hemson en mnr. Michael O'Donovan van die RGN dat talle van veral die moeilike regeringsbeloftes in die niet verdwyn of dat dieselfde doelstellings nie in byvoorbeeld departementele dokumente herhaal word nie.